Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Janine Ontong
Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut
(EDULIS ingesluit)
Janine.Ontong@westerncape.gov.za | 021 957 9626

Lêerno.: 23/3/4/3
Verwysing: 20241003-7149

Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituutminuut: 0005/2024

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: Viering van Internasionale Skoolbiblioteekmaand (ISBM)

1. Gedurende Oktober 2024 sal skoolbiblioteke in Suid-Afrika en regoor die wêreld biblioteek- en inligtingsdienste as deel van ISBM by skole vier en bevorder.

2. Ter viering van ISBM 2024 het die Wes-Kaapse Minister van Onderwys besluit om alle skole, opvoeders en leerders van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) te betrek. Leerders sal die geleentheid kry om hul gevoelens oor biblioteke uit te druk en terselfdertyd hulpbronne vir hul skoolbiblioteek te wen.

3. Die Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdienste, in samewerking met die Kantoor van die Ministerie van Onderwys, sal 10 van die WKOD se skole die geleentheid bied om skoolbiblioteekhulpbronne ter waarde van R30 000 per skool, te wen. Vanjaar se tema is **"*In my biblioteek wag 'n avontuur op elke rak!*"**.

4. Vanjaar kan skole/leerders in twee kategorieë inskryf:
   - **Kortverhaalkategorie (Graad 4 tot 12, spesiale skole ingesluit)**; waar leerders ons van die volgende vertel:
     - 'n Avontuur wat hulle in hul skoolbiblioteek kan beleef.
     - Hoe die skoolbiblioteekhulpbronne wat gewen kan word tot meer biblioteekavonture kan lei.
   - **Plakkaat-/Tekenkategorie (Graad 1 tot 3, spesiale skole ingesluit)**; waar leerders 'n plakkaat/tekening kan maak van:
     - 'n Avontuur wat hulle in hul skoolbiblioteek kan beleef.

5. Die prysgeld in hierdie twee kategorieë word soos volg verdeel:

5.1 **Kortverhaalkategorie:**

- **Drie sekondêre/hoërskole** sal elk R30 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.
- **Drie primêre skole** sal elk R30 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.

5.2 **Plakkaat-/Tekenkategorie:**

- **Drie primêre skole (Graad 1 tot 3)** sal elk R30 000 ontvang vir elke weninskrywing in Engels, Afrikaans en Xhosa.
- **Een spesiale skool** sal R30 000 vir 'n weninskrywing ontvang vir 'n plakkaat/tekening of 'n kortverhaal.

6. Opvoeders moet die plakkate/tekeninge en kortverhale bymekaarmaak en een inskrywing per skool via e-pos aan Alison.Mentor@westerncape.gov.za stuur.

7. Die kompetisie sluit op **Vrydag, 13 Desember 2024** om 17:00 en die wenners sal telefonies of per e-pos in kennis gestel word.

8. Die suksesvolle skole sal aangekondig word en die prysuitdeling sal op 'n datum plaasvind wat deur die WKOD bepaal sal word.

9. Navrae oor die kompetisie asook die bepalings en voorwaardes kan gerig word aan Janine Ontong by Janine.Ontong@westerncape.gov.za.

10. Die volgende distriksamptenare van die WKOD kan oor skoolbiblioteekdienste gekontak word:

    Tirzah Arendse – Skoolbiblioteekdiensbeampte
    Eden en Sentrale Karoo: tel. 044 803 8377

    Vernon Koen – Skoolbiblioteekdiensbeampte
    Metro-Oos: tel. 021 900 7049

    Sinethemba Mdunyelwa – Skoolbiblioteekdiensbeampte
    Weskus: tel. 021 860 1200

11. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van al die betrokkenes te bring.

GETEKEN: BJ LORISTON
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2024-10-22